

DIE ONTWIKKELING VAN 'N STELSEL VAN INDIËR- EN INDIËR-
EN KLEURLING-ONDERWYS.
(TRANSVAAL 1931-1940)

1. TOENAME VAN DIE AANTAL SKOLE EN LEERLINGE ONDER DIE
STELSEL VAN SUIWER INDIËRSKOLE EN GEMENGDE INDIËR-
EN KLEURLINGSKOLE.

In 1932 het daar 'n nuwe indeling van skole plaasgevind. Skole wat vir beide Indiër- en Kleurlingkinders voorsiening gemaak het, is vanaf daardie datum as Kleurling-skole geklassifiseer. ⁽¹⁾ Die gevolg hiervan was dat daar net 11 suiwer Indiërskole oorgebly het met 'n inskrywing van 1410 leerlinge. Dit is 'n vermindering van 227 op die aantal leerlinge vir 1931. Vanaf 1934 is die volgende indeling ingevoer:

- (a) Kleurling- en Indiërskole.
- (b) Skole vir Indiërs. ⁽²⁾

Hierdie indeling word vir die res van hierdie periode in die ontwikkeling van Indiër-onderwys gehandhaaf. Die ontwikkeling van hierdie stelsel openbaar sekere duidelike kenmerke van Indiër-onderwys.

Die eerste kenmerk is die groot aantal Indiërkinders van skoolgaande ouderdom wat nie op skool is nie. Volgens die sensus van 1936 was daar 3413 seuns en 2691 meisies van skoolgaande ouderdom. (7-16 jr.) ⁽³⁾ Die volgende was die aantal Indiër-kinders wat in 1937 staatskole besoek het:

TABEL 93.

Indiërkinders in Staatskole, 1937. (Transvaal).

	Seuns	Meisies	Totaal.
Indiërskole	1475	658	2133
Indiër- en Kleurlingskole	976	512	1488
	2451	1170	3621. ⁽⁴⁾

Uit 'n totaal van 6104 leerlinge van skoolgaande

- (1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1932; 34.
- (2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1934; 38.
- (3) The Transvaal Indian Congress: Statement 1937; 3.
- (4) t.a.p.: Bylae B.

ouderdom was daar dus net 3621 op skool. (d.i. 58.9%) In die geval van seuns was die persentasie 71.9% en in die geval van die meisies 43.5%.

'n Tweede kenmerk is die onreëlmatige verspreiding van die leerlinge oor die verskillende standerds. Die indeling van die leerlinge volgens standerds kan ons soos volg saamvat vir die jare 1932-1937:

TABEL 94.

Leerlinge volgens standerds ingedeel, 1932-1937. (Transvaal)

	1932	1933	1934	1935	1936	1937.
Graad I	360	444	483	498	544	613
II	203	222	271	300	314	340
Standerd I	318	312	307	344	351	387
II	214	205	223	197	286	308
III	141	153	163	180	191	213
IV	90	131	115	126	160	161
V	57	46	75	71	94	107
VI	27	32	31	46	52	52
	1410	1545	1668	1762	1992	2181
		(1)	(2)		(3)	(4)

Die leerlingstal het toegeneem maar die aantal wat standerd VI bereik het was baie klein. Uit 'n totaal van 360 leerlinge in graad I in 1932 het net 107 standerd V in 1937 gehaal, (d.i. 29.7%). Van die 203 leerlinge in graad II in 1932 het net 52 standerd VI in 1937 bereik. (d.i. 25.6%). Die persentasie leerlinge in standerd I is deurgaans onnatuurlik groot in vergelyking met die ander standerds. Net .9% van die meisies en 2.9% van die seuns het standerd VI bereik.

'n Groot aantal van die leerlinge het dus die skool verlaat voordat hulle enige blywende voordeel daaruit kon trek. Hierdie feit word duideliker as ons die syfers in die voorgaande tabel in persentasies weergee:

-
- (1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1933; 34.
 - (2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1935; 48.
 - (3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1936; 46.
 - (4) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1937; 25.

247.
TABEL 95.

Persentasie leerlinge in die verskillende standerds,
1932-1937.
(Transvaal)

	1932	1933	1934	1935	1936	1937.
Graad I	25.5	28.8	28.9	28.2	26.9	27.5
II	14.4	14.5	16.3	17.0	15.5	15.3
Standerd I	22.6	20.2	18.4	19.5	17.4	17.4
II	15.2	13.2	13.4	11.2	14.2	13.8
III	10.0	10.0	9.8	10.2	9.5	9.6
IV	6.4	8.4	6.8	7.2	7.9	7.2
V	4.0	2.9	4.5	4.1	4.6	4.8
VI	1.9	2.0	1.9	2.6	2.6	2.3

In 1932 was 25.5% van die leerlinge in graad I, 14.4% in graad II, 22.6% in standerd I ens. Die verskil kom duidelik uit as ons die verskillende persentasies van die Indiërleerlinge vergelyk met die van blankes en Kleurlinge. Die volgende tabel gee die verskillende persentasies in die verskillende standerds in 1937 vir die verskillende rasse:

TABEL 96.

Persentasie leerlinge in die verskillende standerds, 1937:
Indiërs, blankes, Kleurlinge. (Transvaal).

	Indiërs.	Blankes.	Kleurlinge.
Graad I	28.4	10.1	27.3
II	18.2	10.5	17.3
Standerd I	17.3	12.3	16.2
II	13.8	11.4	13.0
III	9.2	11.5	10.3
IV	6.3	11.6	6.8
V	4.2	11.5	4.9
VI	2.6	10.2	2.4

Hieruit blyk dit dat die blanke leerlinge baie meer eweredig versprei was oor die verskillende standerds. 10.1% van die leerlinge was byvoorbeeld in graad I en 10.2% in standerd VI. 28.4% van die Indiërs was in graad I en net 2.6 in standerd VI.

(1) The Transvaal Indian Congress: Statement 1937; Bylae B.

'n Derde kenmerk van Indiër--onderwys was die besonder hoë gemiddelde ouderdomme van die leerlinge in die verskillende standerds. Die volgende tabel gee die gemiddelde ouderdomme in jare vir die verskillende standerds vanaf 1935 tot 1937:

TABEL 97.

Gemiddelde ouderdom per standerd, 1935-1937. (Transvaal)

	1935	1936	1937.
Graad I	8.42	8.26	7.94
II	10.06	9.69	9.47
Standerd I	11.89	11.35	10.93
II	12.44	12.03	12.15
III	13.15	13.23	12.66
IV	14.14	13.80	14.01
V	15.02	14.58	14.55
VI	15.57	15.36	15.14
	(1)	(2)	(3)

Alhoewel die gemiddelde ouderdomme volgens bostaande tabel kleiner geword het tussen die jare 1935-1937, was dit tog nog besonder hoog. In die onderwys van blankes is 12 jaar ongeveer die gemiddelde ouderdom vir standerd IV. In 1937 was dit vir Indiërs nog 14.01 jaar. Die hoë ouderdom is dan ook een van die oorsake waarom die leerlinge vroeg die skool verlaat.

2. KWALIFIKASIES, OPLEIDING EN DIENSVOORWAARDES VAN ONDERWYSERS IN SUIWER INDIËRSKOLE.

a. Indiëronderwysers in suiwer Indiërskole.

In 1932 het die oprigting van 'n opleidingsinrigting vir Indiër- en Kleurlingonderwysers reeds ernstige ooreweging verdien. ⁽⁴⁾ In 1933 en 1934 was daar nie alleen 'n ernstige tekort aan Indiëronderwysers nie, maar veral

-
- (1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1935; 50.
- (2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1936; 46.
- (3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1937; 25.
- (4) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1932; 36.

van Indiëronderwysers wat gekwalifiseerd was vir
aanstelling in poste van hoofde bo graad IV B. ⁽¹⁾

In 1934 is nuwe regulasies en leerplanne vir die
opleiding van Indiër- en Kleurlingonderwysers in Trans-
vaal gepubliseer. Dit het voorsiening gemaak vir 'n
tweejarige professionele opleiding na standerd VIII en
die sertifikaat wat verwerf kon word was die Transvaalse
Kleurling- en Indiëronderwysersertifikaat. ⁽²⁾ Verdere
wysigings was vervat in Administrateurs-kennisgewing
No.226 van 1 Mei 1935. Die eerste studente het aan die
einde van 1935 die kursus voltooi. ⁽³⁾

Onderwysers in die diens is ook toegelaat om middag
en Saterdagoggende klas te loop vir hierdie sertifikaat.
Die volgende was die uitslae vir 1936 en 1937:-

TABEL 98.

Eksamen-uitslae van diensdoende onderwysers, 1936 en 1937
(Transvaal).

	Kandidate.		Aantal geslaag.	
	1936	1937	1936	1937
Engels : Hoërgraad.	46	13	43	12
Laergraad.	3	-	3	3
Afrikaans: Hoërgraad.	13	1	12	1
Laergraad.	36	12	34	11
Metodiek van Onderwys.	49	13	34	11
Teorie, Organisasie en Tug.	49	13	43	13
Fisiologie en Gesondheids -leer.	49	13	40	12
Praktiese Onderwys.	49	13	49	12
Swartbordwerk en Tekene.	49	12	47	11
Musiek.	28	10	27	8
Handwerk.	45	12	44	12

In 1936 het 32 van die 49 kandidate die eksamen
voltooi.

Van die interne studente het 11 in 1936 en 24 in
1937 in die eksamen geslaag. Die meerderheid van hierdie

(1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys,
1934; 11.

(2) T.O.D.: Regulasies betreffende die opleiding van
Transvaalse Kleurling- en Indiër-onderwysers.

(3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys,
1935; 13.

kandidate (interne en diensdoende onderwysers) was egter Kleurlinge.

In 1937 was daar 42 Indiëronderwysers in die diens in Indiër- en Indiër- en Kleurlingskole. Van Indiërkaart is in hierdie jaar ook versoek dat Indiërs as hoofde en assistente van Indiërskole aangestel moes word. Hulle was dankbaar vir die werk wat blankes in hulle skole gedoen het en nog steeds doen, ⁽¹⁾ maar het gevoel dat Indiërs aangemoedig moes word om hulle kwalifikasies te verbeter, sodat hulle in hulle eie skole kon diens doen. Waar blankes weens die skaarste aan Indiëronderwysers nog ⁽²⁾ aangestel word, moes hulle aanstellings tydelik wees.

Omdat die lewe duur was en omdat rekrute getrek moes word vir die onderwysberoep, is versoek dat die salarisse verhoog moes word. Die Transvaalse Indiër-onderwysersvereniging het dan ook 'n volledige nuwe salarisskaal ⁽³⁾ voorgestel.

Met die doel om kwekelinge te werf het die kommissie van 1938 aanbeveel dat beurse verskaf moes word en dat naby die Opleidingsentrum 'n geskikte koshuis vir meisies opgerig moes word. Ook is vakansie-kursusse en die volgende grade van onderwyserssertifikate aanbeveel:

(a) Die A-sertifikaat vir Kleurling- en Indiëronderwysers.

Die toelatingskwalifikasie moes matriek of 'n gelykstaande eksamen wees en die opleiding moes 2 jaar duur.

(b) Die B-sertifikaat vir Kleurling- en Indiëronderwysers.

Standaard VIII en 'n opleiding van 2 jaar moes hiervoor vereis word.

(c) Die C-sertifikaat vir Kleurling- en Indiëronderwysers.

(1) The Transvaal Indian Congress; Statement 1937; 12.

(2) The Transvaal Indian Teachers' Association:

Memorandum; 1.

(3) t.a.p.: 2.

Hierop sou die besitters van die Kaapse Laer primêre (Kleurling) sertifikaat of 'n gelykstaande sertifikaat (1) geregtig wees.

As gevolg van hierdie aanbevelings is 'n kursus vir die Hoër-Kleurling- en Indiëronderwysersertifikaat ingestel. Dit is die A-sertifikaat soos deur die kommissie aanbeveel. Die bestaande sertifikaat of B-sertifikaat, soos die kommissie dit genoem het, het toe geword die Laer-Kleurling- en Indiëronderwysersertifikaat. Vir die Hoër-sertifikaat is 'n gevorderde kursus ingestel en Geskiedenis van die opvoedkunde bygevoeg. Dit was 'n tweejarige opleiding na Matriek en die sertifikaat het gelykgestaan aan die ou Transvaalse O3 vir blankes.

Verder het die kommissie van 1938 die onderwysposte in Indiërskole gegradeer en 'n ooreenkomstige salarisskaal aanbeveel. Die volgende is die grade van poste en die salarisskale:

TABEL 99.

Grade van poste en salarisskale aanbeveel, 1938. (Tvl).

Graad	Inskrywing	Salaris.	Kwalifikasies.
P.A.	400 en meer	£405x£15-£450	A-sertifikaat plus 6 jaar diens.
P.B.	300 tot 399	£375x£15-£405	A-sertifikaat plus 4 jaar diens.
P.C.	200 tot 299	£330x£15-£375	B-sertifikaat plus 6 jaar diens.
P.D.	100 tot 199	£315 vas	B-sertifikaat plus 4 jaar diens.
3 - man-skool		£300 vas	B-sertifikaat plus 3 jaar diens.
2 - man-skool		£285 vas	B-sertifikaat plus 2 jaar diens.
1 - man-skool		£270 vas	B-sertifikaat plus 2 jaar diens.

Assistente;

B.		£300x£12-£360	B-sertifikaat plus 4 jaar diens.
C.		£240x£12-£300	B-sertifikaat plus 2 jaar diens of C-sertifikaat plus 8 jaar diens.
D.		£144x£12-£240	C-sertifikaat.

(1) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwys-kommissie, 1939; 236.

Onderwyeresse se salaris moes driekwart van bo-
staande skale wees, plus £20. Ongekwalfiseerde onder-
wysers en onderwyeresse met matrieksertifikate sou 'n
vasgestelde salaris van £144 kry en die wat minder as
matriek het, 'n vasgestelde salaris van £108 per jaar. (1)

b. Die Ontstaan van die Indiër-Onderwysersvereniging.

Die "Transvaal Indian Teachers' Association" (T.I.T.A.)
is in Oktober 1931 in die lewe geroep en is kort daarna
deur die direkteur van onderwys erken. (2)

Die volgende is die oogmerke van die T.I.T.A.:—

- (a) Om die belange van die Indiër-onderwysprofessie te beskerm deur afvaardigings na die betrokke outoriteite.
- (b) Om volgens die regulasies alle moontlike hulp te verleen aan lede in sake voortspruitende uit hulle beroep.
- (c) Om alle sake in verband met Indiër-onderwys te bespreek.
- (d) Om so ver as moontlik met ander organisasies saam te werk in sake wat die algemene belang van die onderwysers raak.
- (e) Om in die besonder by die ouers en in die algemeen in die gemeenskap 'n waardering vir die onderwys aan te kweek, en om die standaard van die opvoeding te verhoog.
- (f) Om 'n kennis van Indië, insluitende sy geskiedenis en kultuur, te bevorder. (3)

Transvaal maak nog nie soos Natal, voorsiening vir takke en onderwyeresse nie. Die voorsiening vir onderwyeresse word in die konstitusie van die Natalse Indiër-Onderwysersvereniging soos volg omskryf: "A Ladies' Auxiliary shall be formed at the Head Quarters and such other places where desirable. The rules governing the

(1) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1939; 237.

(2) Naudé: Indiër-onderwys in Suid-Afrika; 81.

(3) The Transvaal Indian Teachers' Association: Constitution; 1.

the Branches shall be applicable to them!" (1)

Opmerklik is dit dat Transvaal nog meer vashou aan die moederland as Natal. Dit word bewys deur die laaste punt in die Transvaalse vereniging se doelstelling nl. "om 'n kennis van Indië, insluitende sy geskiedenis en kultuur, te bevorder." Natal beperk sy doel in hierdie opsig tot "'n studie van probleme wat veral die opvoeding van Indiërkinders raak." (2)

c. Die posisie van blanke onderwysers in suiwer Indiërskole.

Weens die gebrek aan goed-opgeleide Indiëronderwysers is blanke onderwysers ook in Indiërskole aangestel, veral as hoofde van groot skole. Probleme word soms geskep waar blankes en Indiërs op dieselfde personeel as assistente werksaam is. Die strewe is om alle blanke onderwysers deur Indiërs te vervang sodra geskikte Indiëronderwysers beskikbaar is. (3)

Om te verhoed dat die beter-gekwalfiseerde blanke onderwysers die Indiërs in hulle eie skole sal verdring, het die onderwyskommissie van 1938 aanbeveel:

(1) Dat blankes voorlopig toegelaat sal word om aansoek te doen vir poste in Indiërskole maar dat die Indiër-applikante voorkeur sal geniet.

(2) Dat daar 'n spesiale salarisskaal moet wees vir blanke onderwysers in hierdie skole en dat hierdie skaal tussen die salarisskale van skole vir blankes en die van Kleurling onderwysers in Kleurlingskole moet wees. "Dit sal," so het die onderwyskommissie beweer, "hom (blanke onderwyser in Indiërskool) verplig om vir bevordering uit te kyk na 'n pos in 'n skool vir blankes!" (4)

(1) Naudé: Indiër-onderwys in Suid-Afrika; 82.

(2) t.a.p.: 83.

(3) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie; 235-236.

(4) t.a.p.: 236-237.

Die kommissie het egter uit die oog verloor dat dit nie so maklik gaan om weg te kom van Indiër-onderwys as jy eenmaal daar is nie. Met enkele uitsonderings diskrimineer diegenes wat verantwoordelik is vir aanbevelings in skole vir blankes teen die blanke onderwysers wat in Indiërskole werksaam is. Dit is onbillik dat 'n owerheid, al is dit dan ook onder die druk van omstandighede, 'n blanke onderwyser aan 'n Indiërskool sal aanstel, as hy magteloos is om die onderwyser weer later weg te help van Indiër-onderwys.⁽¹⁾

Dit sou billiker wees as die blanke onderwyser in 'n Indiërskool, waar hy onder baie ongunstige omstandighede moet werk, 'n groter salaris ontvang as sy kollegas in blanke skole. As dit sou beteken dat die Indiërs in hulle eie skole verdring sal word, dan kan die blankes tydelik aangestel word. Dit sal in elk geval meer tevredenheid gee as die departement blanke onderwysers verbied om in Indiërskole onderwys te gee.

3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN SPESIALE LEERPLANNE.

In 1935 is met nadruk daarop gewys dat die werk in Indiërskole van 'n heelwat laer standaard was as die in blanke skole. Die vreemde voertaal is as oorsaak van hierdie toestand genoem. Melding is ook gemaak van die vertraging in die laerklasse en die feit dat die kulturele vakke baiekeer net memoriseer-oefeninge is - 'n aframesing van woorde sonder betekenis vir die leerlinge.⁽²⁾

Wat werklik nodig was, was 'n leerplan wat by die behoeftes van die Indiërs sou aanpas. Ook was meer tyd op die lesrooster nodig vir vakke soos die volgende: Gesondheidsleer, hande-arbeid, huishoudkunde, verpleging en "Eerste hulp".⁽³⁾ Die bestaande leerplan was reeds vol vir die Indiërkind en tog het die Indiërs in 1937

(1) Transvaalse Onderwysersvereniging: Brief 2.4.'43.

(2) Transvaal: Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1935; 68-69.

(3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1937; 115.

gevra dat die volgende vakke bygevoeg moes word: (1)
Indiese letterkunde, - geskiedenis en - aardrykskunde.

4. BEHOEFTE AAN 'N MIDDELBARE SKOOL NET VIR INDIERS.

Reeds in 1931 het die Indiërs vertoë gerig tot die Departement vir 'n eie hoërskool. In verband met die oprigting van 'n gekombineerde Junior hoërskool en 'n opleidingsentrum vir Kleurling- en Indiërlærlinge te Village Main, Johannesburg, het die departement op 8.1.'32 soos volg aan die Transvaalse Indiërkongres geskrywe:

"I am directed to inform you that the Executive Committee has approved of the transfer of the training classes at the Krause street school to the Village Main as soon as the building is available, which is expected at an early date, but not before the opening of the first term 1932!" (2)

Hierdie verskuiwing het nie plaasgevind nie.

In 1938 het die Indiërkongres en die Indiër-onderswersersvereniging weer gevra vir 'n hoërskool. (3) Laasgenoemde het ook versoek dat 'n opleidingsentrum aan die hoërskool verbonde sal wees. (4)

In 1934 was daar 23 Indiërseuns en 1 meisie in middelbare klasse. Vir 1936 en 1937 was die getalle soos volg:

TABEL 100.

Leerlinge in middelbare klasse, 1936 en 1937. (Transvaal)

	Leerlinge.		Persentasie.	
	1936	1937	1936	1937
Vorm II	29	32	1.4	1.4
" III		15		0.7
			(5)	(6)

(1) The Transvaal Indian Congress: Statement. 1937; 10.

(2) Indian Opinion, 9.2.'34.

(3) The Transvaal Indian Congress: Statement 1937; 12.

(4) The Transvaal Indian Teachers' Association: Memorandum; 2.

(5) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1936; 46.

(6) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1937; 25.

In Pretoria is sedert die begin van 1937 ook 'n standaard VII en VIII. Leerlinge van die plaaslike Kleurlingskool het ook hierdie klassee bygewoon.⁽¹⁾

Die kommissie van 1938 het aanbeveel dat 'n geskikte terrein naby die spoor in die omgewing van Johannesburg gevind moes word, waar alle Indiër- en Kleurlingkinders wat standaard V voltooi het gesentraliseer kon word, en waar die opleiding van onderwysers sowel as alle vakkundige onderwys vir Indiër- en Kleurlingkinders moes plaasvind.⁽²⁾ Getalle sou nog nie by hierdie stadium aparte inrigtings regverdig nie.

5. ONBEVREDIGENDE TOESTAND VAN SKOOL GEBOUE EN TERREINE.

Indiërskole was in die volgende soorte geboue gehuisves:

- (a) Geboue deur die Departement opgerig. Hierdie geboue was goed.
- (b) Geboue gratis deur die Indiërgemeenskap verskaf. Hulle was minder doeltreffend as a.
- (c) Geboue gehuur. Baie van hierdie geboue was heeltemal ondoeltreffend.⁽³⁾

Die Transvaalse Indiërkongres het aanbeveel dat huur ook betaal moes word vir geboue wat gratis deur die Indiërs verskaf is, maar dat die departement so gou moontlik sy eie geboue moes oprig en wel in omgewings wat opvoedkundig baie meer geskik was as die waarin sommige skole geleë was.⁽⁴⁾

Die meeste skole het trouens geen noemenswaardige speelgronde gehad nie.⁽⁵⁾

Die kommissie van 1938 het aanbeveel dat ondersoek ingestel moes word na die toestand van gehuurde geboue wat gebruik is vir Indiërkinders en na die omstandighede

- (1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1937; 115.
- (2) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie; 239.
- (3) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1935; 66.
- (4) t.a.p.; 10.
- (5) The Transvaal Indian Congress: Statement; 9.

waaronder daar gewerk word en dat griewe en wanpraktyke uit die weg geruim moes word. Ook moes hierdie geboue so gou moontlik deur staatsgeboue vervang word. (1)

Die Witwatersrand-sentrale kring het in 1935 'n bouopname gemaak en met die verskyning van die verslag van die "Asiatic Land Tenure Commission," was hulle genoodsaak om heelwat bouplanne uit te stel tot tyd en wyl die Unie Parlement die verslag afgehandel het. (2)

6. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN BEROEPSONDERWYS VIR INDIËR- KINDERS.

Alleen in Johannesburg het Indiërleerlinge die voorreg gehad om houtwerk en huishoudkunde klasse te loop. Die Indiërs wou graag dat orals voorsiening vir sulke klasse gemaak sou word. (3)

Met die oog op die korter skoollewe van Indiërkinders en hulle hoë gemiddelde ouderdomme het die Nicol-kommissie aanbeveel dat orals opleiding in handwerk en huishoudkunde verskaf moes word en dat die bestaande beperkte geriewe aansienlik uitgebrei moes word. Hierdie vakke moes vanaf die begin van standaard IV ingevoer word. (4)

Verder het die kommissie 'n nywerheidskool aanbeveel waar leerlinge meer spesiaal vir hulle toekomstige beroepe opgelei kon word. Die leerplan van so'n inrigting kon so opgestel word dat dit byvoorbeeld die Kleurlingseuns as tuiners, die meisies as diensmeisies en kindermeisies en die Indiërseuns vir die besighede voorberei. (5)

Omdat die Indiërkind sy eie behoeftes het en sy onderwys sy eie probleme meebring is dit nie wys om die

(1) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 234-235.

(2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1935; 74.

(3) The Transvaal Indian Congress: Statement 1937; 6.

(4) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie; 240.

(5) t.ap.: 239

leerplan vir blanke skole onveranderd in hulle skole te volg nie. Daar moet heelwat vroeër as in die geval van blankes met beroepsonderwys begin word en die leerplan moet by die plaaslike behoeftes aanpas. Ons onder-skrif dan ook die aanbeveling van die Nicol-kommissie in hierdie verband, naamlik: "Ons beveel aan dat dit 'n vaste opdrag aan skoolinspekteurs moet wees om die onder-wysers van Kleurlingkinders aan te moedig om hulle eie werkskemas op te stel en aan die inspekteurs voor te lê, ten einde die hoogste doel vir hierdie kinders gedurende die kort tyd wat beskikbaar is, te verwesenlik!" (1)

7. PLEIDOOIE VIR VERPLIGTE ONDERWYS.

Die Onderwyskommissie van 1920 het verpligte onderwys vir Indiërkinders aanbeveel. In 1926 is 'n mosie ten gunste van verpligte onderwys deur die Provinsiale Raad verwerp, en in 1938 het die Transvaalse Indiërkongres die Onderwys-kommissie versoek om aan te beveel dat onderwys vir Indiër-kinders verpligtend gemaak moes word en wel soos volg: Vir seuns tussen 7 en 16 jaar of die voltodding van standerd VI en vir meisies tussen 7 en 14 jaar of die voltooiing van standerd IV. (2)

Nadat hulle verskillende voordele geneem het, het die Nicol-kommissie aanbeveel dat die provinsie die beginsel van verpligte onderwys vir Kleurling- en Indiërkinders aanvaar. Verder dat die verpligting in werking gestel moes word in alle gebiede waar die onderwysrade, na oorleg met die ouers van die kinders, 'n besluit geneem het ten gunste van die verpligting. So'n besluit moes geneem word op 'n vergadering wat spesiaal vir die oorweging van daardie saak byeengeroep is en waarop minstens twee-derdes van die lede van sodanige Onderwysraad aan-

(1) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwys-kommissie; 235.

(2) The Transvaal Indian Congress; Statement; 4-5.

wesig is. Die verpligte ouderdom moes wees tussen 7 en 14 jaar. Ook moes verpligte skoolbesoek alleen van toepassing wees op kinders wat hoogstens drie myl vanaf die skool woonagtig is. (1)

8. SPESIALE AANDAG AAN DIE ONDERWYS VAN MEISIES.

In 1936 het 'n deputasie die skoolraad van die sentrale Rand genader vir die oprigting van 'n skool vir meisies. (2) Die eerste skool vir meisies is dan ook in Maart 1936 ge-open. (3)

Die Indiër-welvaartvereniging en die Transvaalse Indiërkongres het in 1937 gepleit vir aparte skole vir meisies waar alleen onderwyseresse onderwys gee. Hulle het ook gevra dat naaldwerk, huishoudkunde en "Eerste hulp" aan hierdie skole onderrig moes word. (4)

9. MEDIESE INSPEKSIE MOET OOK NA INDIERSKOLE UITGEBREI WORD.

Die hoof van die skool in Johannesburg het met die hulp van die ouers 'n skool-kliniek in die lewe geroep, waarby die leerlinge veel baat vind.

Die Indiërs het gevra dat in groot sentra klinieke opgerig moes word en dat gereelde mediese inspeksie ook op Indiërskole van toepassing moes wees. (5)

'n Kliniek vir Kleurlingkinders word op 'n beperkte skaal deur die Kinderhulpvereniging en die Rooikruisvereniging in Johannesburg in stand gehou. Die Nicol-kommissie het aanbeveel dat die provinsie voorlopig hierdie kliniek moes subsidieer, maar dat mediese inspeksie en kliniek-voorsiening, soos vir blanke kinders, ook vir Indiërs voorsien moes word. (6)

(1) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwys-kommissie; 238-239.

(2) Race Relations: Februarie 1936.

(3) Indian Views: 15.4.'38.

(4) The Transvaal Indian Congress: Statement. 6.

(5) t.a.p.: 10-11.

(6) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwys-kommissie: 210

10. DIE AANSTELLING VAN 'N ONDERWYSKOMMISSIE, 1938.

Die aanstelling van so'n kommissie om die onderwysstelsel van die provinsie te ondersoek, was die gevolg van 'n voorstel van Handel Thompson op 29 September 1936 in die Provinsiale Raad. Die Raad het by die Uitvoerende Komitee aanbeveel dat die tyd aangebreek het om 'n kommissie te benoem om ondersoek in te stel na die onderwysstelsel van hierdie provinsie ten einde sodanige aanbevelings te doen as wat daartoe mog strek om die doeltreffendheid van die stelsel te verbeter, dit te laat aanpas by die mees moderne ontwikkelings op opvoedkundige gebied, en dit in staat te stel om op bevredigende wyse te voldoen aan die vereistes van alle seksies van die bevolking. (1)

Die onderwyskommissie, bekend as die Nicol-kommissie is toe ingevolge Administrateurskennisgewing No.124 van 3 Maart 1937 benoem. (2) Die verslag is in 1939 gepubliseer. (3)

11. ALGEMENE OPMERKINGS.a. Die uitbreiding van biblioteke.

Daar was in 1938 nog min gedoen in verband met die verskaffing van biblioteke aan Indiërskole. Die Nicol-kommissie het gereken dat een van die reisende biblioteke van die Johannesburgse Munisipale biblioteek beskikbaar gestel kon word vir hierdie doel. (4)

b. 'n Verhoogde Unie-Subsidie.

In 1938 was die onderwyskoste van Kleurlinge en Indiërs £9.0.10 per leerling. Die £5.5.0 per leerling Unie-subsidie het dus maar skaars die helfte van die koste gedek. Met reg het die Nicol-kommissie dan ook aanbeveel dat stappe gedoen moes word om die subsidie

(1) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1936; 31.

(2) Transvaal: Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1937; 10.

(3) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie; 1939.

(4) t. a. p. 240.

aanmerklik te laat verhoog.

c. Indiër-onderwys soos die onderwys van blankes beheer.

Die beheer oor Indiër-onderwys word verrig as 'n gedeelte van die gewone werk van die onderwysdepartement. Daar is geen onder-departement vir Indiër-onderwys nie en die inspekteurs van blanke skole inspekteer ook die Indiërskole. Die Nicol-kommissie het dit so goed gevind. (2)

Hierdie saak word nader bespreek in die laaste hoofstuk waar sekere aanbevelings gedoen word.

12. SAMEVATTING.

In hierdie periode is daar 'n skeiding gemaak tussen skole net vir Indiërkinders en skole waarin Indiërkinders saam met Kleurlinge die skool besoek het. Die statistieke sluit dan ook nie die Indiërkinders in wat Kleurlingskole besoek het nie.

Indiër-onderwys het die volgende kenmerke geopenbaar:

- (1) Baie kinders van skoolgaande ouderdom was nog nie op skool nie.
- (2) Min leerlinge het lank genoeg op skool gebly om 'n aanmerklike voordeel daaruit te trek.
- (3) Die leerlinge se gemiddelde ouderdomme was besonder hoog vir die verskillende standerds.

Onderwysers is aan die opleidingsentrum opgelei en in 1934 is nuwe regulasies, leerplanne en sertifikate ingestel. Standaard VIII was die toelatingskwalifikasie. In 1940 is die hoërsertifikaat ingestel. Die toelatingskwalifikasie was matriek. Verder is onderwysposte gegra-deer en nuwe salarisskale aanbeveel. Omdat daar nog 'n skaarste aan opgeleide Indiëronderwysers was, is blankes

(1) Transvaal: Verslag van die Provinsiale Onderwys-kommissie; 240.

(2) t.a.p.: 234.

ook in hierdie skole aangestel. Die Indiëronderwysers het in 1931 hulle eie onderwysersvereniging gestig.

Die skoolwerk was benede die standaard van skole vir blankes veral omdat die onderwys nog nie verpligtend was nie en omdat die kinders deur 'n vreemde voertaal onderrig ontvang het. Ook het die leerplan hom nie aangepas by die behoeftes van die Indiërs nie. Daar was veral 'n behoefte aan beroepsopleiding, selfs op laerskool.

Min leerlinge het van middelbare onderwys ^{gebruik}/gemaak en alhoewel standard VII en VIII klasse reeds in Pretoria toegelaat is, was daar 'n sterk behoefte aan 'n middelbare skool vir Indiërs in Johannesburg.

Baie van die skoolgeboue was ondoeltreffend, mediese inspeksie was dringend noodsaaklik en die skoolbiblioteke het baie te wense oorgelaat.

Daar was egter reeds een skool net vir meisies in Johannesburg. Alle skole was staatskole en hulle is deur dieselfde kanale beheer as die onderwys van blankes.
